om te verseker dat die Heropbou-en-ontwikkelingsprogram slaag" *(Handelinge van die Algemene Sinode 1994,* bl 536).

6.1.4 In 'n onbestrede mosie het die Algemene Sinode Mandela ná sy toespraak van volgehoue voorbidding verseker, en voortgegaan: "Die Sinode het met belangstelling kennis geneem van die Regering se Witskrif oor die Heropbou-en-ontwikkelingsprogram vir Suid-Afrika.

"Dit is ook die Ned Geref Kerk se begeerte dat daar op 'n dinamiese wyse gewerk moet word aan 'n radikale verbetering van die lewensomstandighede en toekomsgeleenthede van mense wat vir baie jare soveel moes ontbeer in Suid-Afrika. Daarom sal die Ned Geref Kerk ook die HOP deeglik bestudeer en spoedig aandui hoe hy 'n daadwerklike bydrae kan lewer tot heropbou en ontwikkeling.

"Die Sinode spreek sy ernstige begeerte uit dat die beleid van die Regering steeds volledig ruimte sal bied vir die handhawing van daardie Christelike waardes wat vir soveel mense in hierdie land van die allergrootste belang is" *(Handelinge van die Algemene Sinode 1994,* bl 443).

6.1.5 Prof BJ Marais en dr CF Beyers Naudé het die Algemene Sinode op verskillende dae besoek. Albei is met hartlikheid ontvang en die volgende besluit van die Sinode is aan hulle voorgehou: "In die lig van die klag van politieke dienstigheid deur die Ned Geref Kerk, wys die Algemene Sinode lidmate daarop dat daar deur die jare heen steeds lidmate, ampsdraers (en selfs kerklike vergaderings) was wat krities was oor apartheid en kerklike besluite in hierdie verband. Die Algemene Sinode erken met spyt dat daar in die verlede dikwels van kerklike kant op 'n onbarmhartige en onsaaklike wyse teenoor sulke persone gehandel is" *(Handelinge van die Algemene Sinode 1994,* bl 374).

6.1.6 Die Algemene Sinode van 1994 het 'n belangrike besluit oor eenheid in die NG Kerkfamilie geneem wat ook in die teken van versoening gestaan het:

"1. Die Algemene Sinode neem met genoeë kennis van die vordering wat daar in die jongste samesprekings gemaak is ten einde 'n modus te vind om die proses van kerkeenheid groter momentum te gee.

"2. Die Algemene Sinode spreek sy ernstige begeerte uit om –

* saam te werk met die ander lede van die Familie van Ned Geref Kerke aan die daarstelling van een kerkverband op grondslag van 'n goedgekeurde kerkorde;

* saam te werk met die aanwys van 'n gesamentlike kommissie om te begin om 'n konsep-kerkorde vir hierdie voorgenome kerkverband op te stel" *(Handelinge van die Algemene Sinode 1994,* bl 440-442).

6.1.7 In 'n hoofberig is ná die sinodesitting in *Die Kerkbode* geskryf:

"Die negende Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk wat verlede week in Pretoria ten einde geloop het, is gekenmerk deur 'n gees van versoening en was ongetwyfeld een van die merkwaardigste sinodesittings sedert die eerste vergadering van die Algemene Sinode in 1962 gehou is.

"Nie net is die hand van versoening uitgereik na mense soos prof Ben Marais en dr Beyers Naudé nie, maar 'n versoenende houding is ook geopenbaar deur prof Evert Kleynhans, 'n vorige moderator, wat hom die afgelope jare meermale skerp uitgespreek het oor sommige aspekte van die Ned Geref Kerk se beleidstuk, *Kerk en Samelewing 1990.* Ook dr Sarel Eloff, bekend vir sy behoudende oortuigings, het 'n bemiddelende rol gespeel en 'n belangrike bydrae gelewer sodat die Algemene Sinode deurslaggewende besluite oor eenheid in die NG Kerkfamilie kon neem.

"Die besoek van pres Nelson Mandela aan die Algemene Sinode het eweneens in die teken van versoening gestaan." *(Die Kerkbode,* 28 Oktober 1994.)